STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# NUUSBRIEF
# IPHEPHANDABA
# NEWSLETTER

UITGAWE 67- 2021 • EDITION 67- 2021

# *Van die Burgemeester*
# *From the Mayor*

Liewe Inwoners

***Welkom terug! Ek glo en vertrou dat 2021 'n voorspoedige jaar vir u sal wees.***

**Afsterwe van Derrick Hendrickse en Manie Pietersen**

Die eerste week van die nuwe jaar het egter met groot skok en hartseer vir ons begin na die afsterwe van 2 van ons raadslede as gevolg van COVID-19. Raadslid Derrick Hendrickse en Raadslid Manie Pietersen is slegs enkele dae na mekaar oorlede. Ek weet dat hierdie sterftes skok en hartseer deur ons hele gemeenskap gestuur het.

Raadslid Hendrickse was 'n raadslid van Stellenbosch sedert 2011 en was ook 'n bekende in atletiekkringe. Hy het my altyd beïndruk met sy werksetiek en toewyding tot sy werk as 'n raadslid.

Raadslid Manie Pietersen was die Burgemeesterskomiteelid vir Jeug, Sport en Kultuur. Hy het saam met my by die Raad aangesluit in 2016. Sy warm, innemende persoonlikheid en sy toewyding tot sy gemeenskap het my van dag een af bygeval en sy glimlaggende geaardheid het dit 'n absolute plesier gemaak om saam met hom te werk.

Namens die Raad en Administrasie wil ek ook my medelye deel met hierdie twee raadslede se families en vriende. Hulle laat groot leemtes in ons gemeenskap en sal beslis gemis word.

**COVID-19**

Ja, liewe inwoners, COVID-19 is steeds

Dear Residents,

***Welcome back! I hope and trust that 2021 will be a prosperous year for all.***

**Passing of Derrick Hendrickse and Manie Pietersen**

The first week of the New Year started with great shock and sadness for us following the passing of two of our councilors due to COVID-19. Councillor Derrick Hendrickse and Councillor Manie Pietersen passed within days of one another. I know that these deaths have sent shockwaves through our entire community.

Cllr Hendrickse was a council member for Stellenbosch Municipality since 2011 and was also well-known in athletics circles. He always impressed me with is work ethic and dedication to his work as councilor.

Councillor Manie Pietersen was the Mayoral Committee Member for Youth, Sport and Culture. He joined council at the same time as I did in 2016. His warm, welcoming personality and his dedication to his community impressed me from day one. His friendly nature made it an absolute pleasure to work with him.

On behalf of the Council and the Administration, I want to convey our deepest sympathies to the families of these two councilors. We are the poorer without them and they shall be missed.

***COVID-19***

Yes dear residents, COVID-19 is still with us, even though we all hoped that the worst would be behind us by now, the virus once



Adv. Gesie van Deventer
*UitvoerendeBurgemeester/*
*Executive Mayor*
**021 808 8002**
mayor@stellenbosch.gov.za

**SPAAR WATER**
**SAVE WATER**

**Let's Fix It**
**Please report all** water, electrical, roads, stormwater, refuse removal and area cleaning issues to the Municipality directly:
**Stellenbosch / Klapmuts / Kayamandi / Jamestown / Raithby**
021 808 8215 / 8953 / 8343
**Dwarsrivier Region / Franschhoek**
021 808 8632
**AFTER HOURS FOR ALL REGIONS**
021 808 8890 / 8891
Alternatively, send an email to engineering.services@stellenbosch.gov.za or ***WhatsApp*** us on **0769510768**
**If we don't know about it, we cannot fix it!**
STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

met ons, en al het ons gehoop die ergste is agter ons, het hierdie virus bewys hoe slim en wreed hy werklik is. Soos u teen die tyd weet, het die virus muteer na 'n nuwe variant wat meer aansteeklik is en daarom het ons oor die Feestyd 'n toename gesien in ons infeksiesyfers asook ons sterftesyfers.

Ek raak daarom baie kwaad as ek sien en hoor hoe baie mense daar steeds is wat die pandemie afmaak as 'n foefie of 'n grap. Die realiteit is mense gaan dood! Ek kan amper nie dink dat daar een gesin in die land is wat nie op een of ander manier hierdeur geraak word nie. Daarom het die President aan die begin van Desember die dra van maskers verpligtend gemaak en mense wat nie daaraan gehoor gee nie kan 'n boete of selfs tronkstraf in die gesig staar. Dit is nou verpligtend om maskers in die openbaar te dra. Dit geld selfs as u in die straat afstap. Dra u masker! Dit is nie 'n ontneming van enige regte nie, maar vir die beskerming van uself, u gesin en die mense rondom u. Ons het dit nou male sonder tal gesien dat die virus nie diskrimineer oor wie dit doodmaak nie.

Dis ook belangrik om die masker reg te dra. Ek sien so baie maskers wat onder neuse of om kenne hang. Nee! Die regte manier om 'n masker te dra is om dit oor u neus en mond te dra. 'n Masker wat onder die neus hang beteken nie veel nie. Moet ook nie die maskers net afhaal wanneer u 'n gebou of winkel binnegaan nie. Ons is veronderstel om die maskers die hele tyd aan te hê wanneer ons tussen mense is. Reinig of was ook eers u hande voor u weer die masker afhaal of opsit. Ons kan regtig nie te versigtig wees nie.

Ek verneem van ons wetstoepassers dat daar baie inwoners is wat vies is wanneer hulle aangepraat of gewaarsku word oor die dra van maskers, onwettige byeenkomste of ander protokolle wat daar gestel word om die verspreiding van die virus te beperk. Ek doen 'n beroep op u om asseblief u samewerking te gee. Die situasie is vir niemand lekker nie en ons sou glad nie kon voorsien dat byna 'n jaar later ons steeds hiermee sou wroeg nie, maar as ons nie die heeltyd op ons hoede gaan wees en alles in ons vermoë doen om die situasie onder beheer te bring nie, gaan dit nog baie lank so aangaan. Asseblief werk saam met ons om die verspreiding van Corona te stop!

**Welkom aan studente en leerders**

Welkom terug aan al ons leerders asook die studente. Ek dink hierdie jaar gaan moontlik net so uniek en anders wees as 2020 en ek wil spesiaal vir al ons leerders en studente vra om ook saam te werk om die verspreiding van Covid-19 te help beperk. Ek weet dat ons jonger inwoners baie hou van sosiaal verkeer, maar ek vra dat ons ouers, voogde en ander toesighouers sal help om ons jonger inwoners ook veilig te hou. Alhoewel jonger mense nie noodwendig so siek raak van die virus, of selfs simptome toon nie, kan hulle steeds ouer mense onwetend besmet met die virus. Kuiers en sosiale geleenthede word deesdae super-verspreider-geleenthede genoem omdat een partytjie met slegs 'n paar mense die potensiaal het om

again demonstrated how strange and vicious it can be. As you may already know, the virus mutated to a new variant that is more contagious. This is why we have seen an increase in infections during the Festive Season as well as the number of deaths.

I therefore become very angry when I see and hear how many people still believe that this pandemic is not serious and consider it as a joke or a hoax. The reality is that people are dying! I cannot thikg that there is a single family in the country who has not been affected by this in one way or another. That is why the President made the wearing of masks compulsory at the beginning of December. People who do not adhere to this can be fined or even face jail time. It is now compulsory to wear your mask in public, even if you are just walking down the street. Wear your mask! It is not taking away your rights, it is to protect yourself, your family and the people around you. We have seen it countless times, this virus does not discriminate about who it kills.

It is also important for you to wear your mask correctly. I see so many masks hanging below noses or chins. No! The right way to wear a mask is to wear it so that it covers both your mouth and nose simultaneously. A mask hanging below the nose does not mean much. Please don't remove mask the minute you enter a building or shop. We are supposed to wear our masks the whole time when we are around people. Sanitize or wash your hands as well before you put on or remove your mask. We really cannot be too careful.

Our Law Enforcement Officers have informed me that some residents are annoyed when they are warned about the wearing of masks, illegal gatherings, or other protocols put in place to curb the spread of the virus. I ask you to please provide your full cooperation. This situation is not enjoyable to anybody and it is almost unthinkable that after a year we would still be struggling with this, but if we are not alert and aware the whole time and do everything within our power to bring the situation under control, we may have to continue like this for a long time. Please work with us to stop the spread of Corona!

***Welcome back students and learners***

Welcome back to all our students and learners. I think this year will be as unique and different as 2020 was. I want to ask our learners and students to help us stop the spread of COVID-19. I know our younger residents enjoy being social but I ask that parents, guardians and other authority figures please help us to keep our young people safe. Although younger people do not necessarily become very ill from the virus, and in many cases show no symptoms at all, they can still infect older people with the virus. Social events and parties are seen super spreader events because even a small party with few people has the potential to

honderde mense te besmet. Asseblief, ek vra mooi, neem asseblief die breër samelewing ook in gedagte. Daar sal weer ‘n tyd kom waar ons kan kuier en saamwees, maar vir nou moet ons die regte ding doen en eers ‘n bietjie wag.

**Eikesaal**

Ons bly heeltyd aan die woeker en werk om ons gemeenskapsfasiliteite op te knap en te onderhou. Aan die einde van verlede jaar, is die werk aan die Eikesaal in Cloetesville uiteindelik voltooi. Die Eikesaal is ‘n baken vir die Cloetesville gemeenskap en die spasie word werklik goed gebruik deur die inwoners.

Dit was daarom nodig om ‘n behoorlike opgradering aan die saal te doen. Die opgraderings het ingesluit die vervanging van die ou asbesdak, herstelwerk aan die vloer, verf van die gebou binne en buite, nuwe teëls in die badkamers, installering van ‘n badkamer vir persone met gestremdhede, nuwe gordyne vir die verhoog, nuwe lugverkoeling, opgradering van die elektriese bedrading, nuwe LED ligte, ‘n kragopwekker en nuwe sekuriteitstelsel. Die hele gebou voldoen ook nou aan al die voorgeskrewe brandregulasies. Die hele opgradering was is gedoen teen ‘n bedrag van R4,8 miljoen.

Saam met die pragtige nuwe saal, wil ek ‘n ernstige beroep doen op ons inwoners om ons asseblief te help om die saal op te pas en seker te maak dit bly so netjies en nuut. Vandalisme bly ongelukkig ‘n groot probleem en ek kan nie genoeg klem daarop sit nie; Daar is nie geld om dit oor te doen nie! Elke liewe inwoner het ‘n verantwoordelikheid om ons te help om ons bates, geboue en infrastruktuur op te pas. Moenie net toekyk hoe kriminele ons goed verniel nie. Bel die polisie, bel ons wetstoepassers en rapporteer dit onmiddellik. As elke inwoner ons help om ons dorpe op te pas en netjies te hou, sal ons maklik die mooiste streek in die wêreld wees en sal ons meer fondse tot ons beskikking hê om nog sale, parke en ander openbare spasies op te gradeer en netjies te maak.

**Spaar Water**

Ons damme is so mooi vol en as u gedurende die vakansie rondgery het, sou u ook al die vol damme kon sien en waardeer. Die provinsiale regering het egter ‘n waarskuwing uitgereik om te sê dat watergebruik regoor die provinsie baie gestyg het. Ek wil tog ‘n vra dat u nie sal ophou om water spaar nie. Alle waterbeperkings is sedert November 2020 opgeskort en dit is ook nou somer, maar onbeheerste watergebruik sal veroorsaak dat beperkings moontlik weer oorweeg moet word. As gevolg van aardverwarming bly weerpatrone onvoorspelbaar en moet ons seker maak ons spaar genoeg water, indien dit nie die komende winter genoeg reën nie. Ek is oortuig daarvan dat niemand weer wil terugkeer na vlak 4 of 5 waterbeperkings nie. Wees asseblief spaarsamig en pas weer al die goeie wenke toe, soos in die verlede.

**Let's Fix It**

Ek wil baie dankie sê aan al ons spanne wat regdeur die feestyd

infect hundreds. Please, I implore you to take our broader community into consideration when you make these decisions. There will come a time again where we can be social and together, but for now we must wait a while.

***Eike Hall***

We have continuously remained active and busy to improve and renovate community facilities. At the end of last year the work on the Eike Hall in Cloetesville was finally completed. The Eike Hall is beacon for the Cloetesville community and a space that is put to good use by the residents.

It therefore became necessary to undertake a complete upgrade of the hall's facilities. The upgrades included the replacement of the asbestos roof, repair work to the floor, painting the building on the inside and outside, new tiles for the bathrooms, the installation of a new bathroom for people with disabilities, new curtains for the stage, new air conditioning, upgrading of the electrical wiring, new LED lights, a generator and a new security system. The entire building now also adheres to the prescribed fire prevention regulations. The cost of the project was R4, 8 million.

I want to seriously urge residents to please help us to take care of this facility so that it continues to look new and beautiful. Vandalism is unfortunately a big problem and I cannot emphasis it enough: We do not have the funds to redo this project! Every resident has a responsibility to help us protect our assets, buildings and infrastructure. Please do not just stand back and watch how criminals destroy your property. Call the police, call our law enforcement officers and report vandalism immediately. If every resident does his/ her part in looking after our towns, we will easily be the most beautiful region in the world and we will have more funds available to upgrade and beautify more parks, halls and public spaces.

**Save Water**

Our dams are filled up and if you were driving around the province during the holidays you may have seen these full dames and appreciate it as much as we do. The Provincial government has however issued a caution to warn that water usage in the province has increased dramatically. I want to ask you to please continue your efforts to save waters. All water restrictions were lifted in November 2020 and it is summer, but uncontrolled water usage might result in the reinstatement of some restrictions. Because of global warming, our weather patterns remain unpredictable and we must save enough water just in case the coming winter does not provide us with sufficient rain. I am convinced that no one wants to see a return to level 4 or 5 water restrictions. Please use water carefully and apply all the tips and tricks like we did in the past.

***Let's Fix It***

I want to thank all our teams who were working during the festive and holiday season. This includes our law

en vakansietyd besig was. Dit sluit in ons wetstoepassers en die onderskeie spanne by ons ingenieursdienste wat deur dwarsdeur gewerk het. Vanaf Oktober 2020 tot einde Desember 2020 het ons 3291 kwessies aangespreek en opgelos via ons ***Let's Fix It*** WhatsApp nommer. Ek gee sommer weer vir u die nommer om op u foon te stoor en te gebruik: 0769510768. Meld enige diensleweringsklagtes by die nommer aan. U sal dan ook 'n verwysingsnommer kry wat u kan gebruik om enige klagte of kwessie weer later op te volg. Dis maklik en vinnig!

Wees asseblief veilig en pas uself mooi op. Die nuwe jaar is vol belofte, maar ons sal moet saam werk om 'n sukses hiervan te maak ten midde van ons huidige uitdagings. Alle voorspoed ook aan al ons leerders en studente wat 2021 op 'n ongewone wyse begin. Teen die tyd is die 'nuwe normaal' net gewoonweg normaal en is ons beter voorbereid op wat vir ons voorlê as verlede jaar. Soos Premier Winde ons ook die heeltyd herinner #MaskUp!

*Beste Wense*
*Burgemeester Gesie*

enforcement officials and our various engineering teams who were working throughout. Since October 2020 until the end of December 2020 we resolved 3291 issues that was reported via our Let's Fix It WhatsApp number. Here the number is again, please save it on your phone: 0769510768. Report any service delivery issues to this number. You will receive a reference number that can be used to follow up on the issue. It is quick and easy!

Please take care and look after yourself. The New Year is full of promise, but we will have to work together to make a success of it amidst our current challenges. Best of luck to our students and learners who are starting 2021 in unusual circumstances. By now the so called new normal has turned into just ordinary normal and we are all better prepared than we were last year. And like Premier Winde continues to remind us daily: #MaskUp!

*Best Wishes*
*Mayor Gesie*